Matt 24:36-44 **BESEF WAT AAN DIE GANG IS EN WEES ALTYD GEREED**

**1. DAAR IS 'N GEBOORTE AAN DIE KOM**

Baba oppad: Ouers se lewenstyl verander (eet, drink, slaap, klasse)

Inkopies – wat?
Kamer
Hospitaaltassie

Ouers oriënteer hulle aan die toekoms (rig hul gedrag op wat gaan gebeur; dink en doen itv hul verwagting van die baba se koms). Vreugde en opgewondenheid (tikkie spanning en onsekerheid); genotvol.

**Jesus roep ons in Matt. op om dieselfde te doen**. Daar is 'n geboorte oppad en ons moet regmaak daarvoor. Ons moet ons lewens daarvolgens inrig. Die geboortepyne het al begin (Rom 8:22) en ons moet besef wat aan die gang is (:39). Anders gaan die geboorte ons onverhoeds vang! In plaas van goeie nuus, gaan dit vir ons slegte nuus wees!

**Van watter geboorte praat ons?** (Pietie: "Ek weet die antwoord moet Jesus wees, maar dit klink darem vir my baie na 'n eekhoring!") Jesus gaan mos nie weer gebore word nie?

Ja, maar Jesus gaan weer kom en **dan gaan daar 'n nuwe wêreld gebore word.** Maak dit jou nie ook opgewonde nie?! Dit kan so 'n verskil aan 'n mens se lewe maak wanneer jy dit glo! Dit gee vir 'n mens hoop as jy aan die tekens van die tye dink nie as ouderdomspyne en doodspyne nie, maar as **geboortepyne**. Paulus sê selfs in Rom 8 *"Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting."* (:22) Soos by die voornemende ouers is daar by baie van ons seker ook 'n tikkie bangheid en onsekerheid oor hoedat dit gaan wees, maar dit is 'n dag wat ons nou-al elke dag kan vul met hoop en verwagting. **Sorg net dat jou tassie gepak is!**

**Verskil: Weet nie wanneer**. Net die Vader weet. Moenie eers probeer somme maak nie (2012… aftree … hemel op aarde!).

Daarom des te meer WAAKSAAM wees. (kombi agterstevoor!)

**2. GEBREK AAN WAAKSAAMHEID LEI TOT SKEIDING**

Noag 'n voorbeeld van waaksaamheid. Voorbereid op wat kom.

Tydgenote besef nie wat aangaan ("ignorant) Lees nie van verskriklike sondes waarmee hulle besig was, nee: ge-eet…gedrink…getrou, maar: Steur hulle nie. Leef net vir die teenwoordige… vandag. "Tassie" was nie gepak toe vloed kom.

Gevolg? Verdrink … gered

Skeiding: 2-2 mense (:40,41)

**Frankryk** is in die Tweede Wêreldoorlog onverwags oorval deur die Duitse inval. Toe mense na die tyd daaroor nadink, het hulle besef daar was tog tekens voor die inval. Vreemdelinge, wat eintlik spioene was, is byvoorbeeld. vooraf op verskeie plekke in Frankryk opgemerk. Mense het nie die geweet wat om van hierdie tekens te maak nie. **Die tekens het duidelik op 'n Duitse inval gedui, as die mense die tekens maar net reg kon lees**.

**3. WAT ONDERMYN WAAKSAAMHEID?**

1. Wanneer ons geneig is om in die VERLEDE te leef.
    a. Gedurig verlang na "goeie ou dae" ("De la Rey…")
    b. Hou vas aan gewoontes en tradisies
    c. Voortdurend stry teen dinge in ons verlede

**Nie altyd sleg om terug te kyk nie**. Geestelike opsig: Jesus se geboorte, lewe, sterwe en opstanding (kersfees; nagmaal)
Kan baie leer uit die verlede ("haal uit die verlede wat goed is en bou daarop in die toekoms")
Belangrik, maar nie genoeg. 'n Waaksame motoris kyk OOK, maar nie NET in sy truspieël nie – dit kan noodlottig wees. Moet ook die toekoms bedink (god Janus, kyk in twee rigtings).

2. Lewe net in die HEDE
    a. Min energie oor (bokser – arms begin hang)
    b. Spoed – beweeg te vinnig (snelheidsperk – Sewende dag?)
    c. Roetine (doen dinge al met "toe oë"; onnadenkend)
    d. Genot – het nie 'n toekoms nodig; stel nie belang (Noag se mense)

**Stel jou sulke ouers voor:** Die baba is oppad, maar hulle steur hulle nie aan die tekens nie; besef nie wat aangaan (Enos en Panado's!). Hulle bly net besig met hul eie dinge!

**4. WAT IS WAAKSAAMHEID?**

Die gelese gedeelte vorm deel van Jesus se antwoord op die vraag van die dissipels in 24:3: "*Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees?"*. Daarna volg **"die profetiese rede".**
**Die klem** in hierdie reeks preke is deurgaans op die noodsaaklikheid om te alle tye gereed te wees vir die koms van Jesus. Telkens word gepleit vir waaksaamheid. Jesus gee nie vir hulle dag en datum nie, maar Hy vestig hul aandag op 'n paar ***"geboortepyne"*** (LEES 24:8) en vertel 'n **aantal gelykenisse** om waaksaamheid te onderstreep:

- 'n H**uisbaas** is nie waaksaam nie en daar word by sy huis ingebreek (24:36-44);
- Die voorbeeld van die **getroue en ontroue slaaf** (24:45-51);
- Die gelykenis van **die tien meisies**, die vyf waaksame meisies het olie vir hulle lampe gehad, die ander vyf nie (25:1-13).
- Die gelykenis van **die muntstukke**. Sommige slawe woeker waaksaam, en ander nie (25:14-30).

**So wat beteken dit om waaksaam te wees?**

- In die **heel eerste plek** beteken dit natuurlik dat jy, soos wat ons twee weke gelede by die nagmaal verduidelik het, sal seker maak dat **jou sonde vergewe** is. Maar dit is nie al wat nb is nie.
- Dit beteken ook om **nie so opgeneem** te word deur eet en drink en trou en vriende en werk dat jy jou **verhouding met God** afskeep nie.
- Waaksaam leef is om **te onthou dat alles nie verlore is nie**. Jesus is op pad. Hy is op pad om weer te kom aan die einde. *Maar intussen kom hy op duisende maniere.*
- In die **laaste gelykenis** in Jesus se profetiese rede (25:31-46) word van die **laaste oordeel** vertel waar die Seun van die Mens die skape van die bokke skei. Hy prys diegene aan sy regterhand. Toe Hy in die gestalte van iemand wat *honger is, dors is, 'n vreemdeling* was, *siek* of in die *tronk was,* aan hulle verskyn het, het hulle iets aan die nood **gedoen,** al het hulle Hom nie herken nie. *"Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers of susters van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen"* (25:40). (4WM)

**Waaksaamheid het dus nie net te doen met Jesus se koms EENDAG nie, maar met sy koms ELKE DAG**. Hy kan in die *mees onwaarskynlike persoon* na my toe kom – vandag nog.

Dit kan iemand wees **vir wie** ek kan help, of wat **vir my** help. Jesus kan ons pad kruis hetsy as 'n **hulpbehoewende**, of 'n **helper**. Ons sê mos soms vir iemand *"Jy's 'n engel!"* Eintlik was dit Jesus wat in daardie persoon na my toe gekom het! **Hoe meer waaksaam ons is, hoe meer sal ons vir Jesus herken.**

**SLOT**
Dit is Adventstyd. Ons gaan Kersfees tegemoet. Laat ons eet en drink en geskenke gee en feesvier en deur dit alles onthou:
Jesus wat gekom HET, kom WEER en kom ELKE DAG. Laat ons **besef** wat aan die gang is en altyd **gereed** wees!

Amen
28/11/10